
# AFRIFORUM SE MUNISIPALE ONTLEDING

2019





**Dr. Eugene Brink**

Strategiese Raadgewer
Gemeenskapsake
AfriForum

**Sel:** 079 071 1799
**E-pos:** eugene.brink@afriforum.co.za

**Morné Mostert**

Hoof: Plaaslikeregeringsake
AfriForum

**Sel:** 082 809 7257
**E-pos:** morne.mostert@afriforum.co.za



# INHOUD

BLADSY


| | |
|---|---|
| Inleiding | 5 |
| Johannesburg Metropolitaanse Munisipaliteit | 6 |
| Ekurhuleni Metropolitaanse Munisipaliteit | 8 |
| Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit | 10 |
| Mogale City Plaaslike Munisipaliteit | 12 |
| Lesedi Plaaslike Munisipaliteit | 14 |
| Merafong City Plaaslike Munisipaliteit | 16 |
| Midvaal Plaaslike Munisipaliteit | 18 |
| Emfuleni Plaaslike Munisipaliteit | 20 |
| Rand West City Plaaslike Munisipaliteit | 22 |

# Inleiding

AfriForum se munisipale oudit het ten doel om die gehalte van lewe en dienslewering in die land se onderskeie munisipale gebiede te meet. Munisipaliteite is die naaste vlak van regering aan die mense en lewer baie van die belangrikste dienste waarvan mense vir hul oorlewing en florering afhanklik is, soos waterverskaffing, paaie en elektrisiteitsvoorsiening. Hierdie regeringsvlak is egter grootliks in 'n vervalle of vervallende toestand en raak miljoene mense in die land. Die bykomende oogmerk is om 'n geheelbeeld van munisipaliteite te verskaf en sodoende deurgaans die nodige aandag op die lot van munisipaliteite en hul inwoners te vestig. Dit is ook 'n inligtingsmiddel vir die publiek, die media, meningsvormers, besluitnemers en bewindhebbers om hul munisipaliteite te verstaan en druk toe te pas om verandering waar nodig teweeg te bring.

Die munisipale oudit ontleed die demografie, sosio-ekonomiese omstandighede, diensleweringskwessies, misdaad en bestuur in munisipaliteite. Elke verslag ontleed die munisipaliteite van 'n bepaalde provinsie en elke munisipaliteit kry 'n indrukpunt uit 10. Die opvolgverslae oor bepaalde provinsies toon ook aan of daar vordering of agteruitgang by enige gegewe munisipaliteit voorkom.

Hierdie aanvangsuitgawe handel oor Suid-Afrika se mees digbevolkte provinsie en ekonomiese nodus, Gauteng. Nege munisipaliteite – drie metro's en ses plaaslike munisipaliteite – word in hierdie verslag ingevolge die bogenoemde aanwysers ontleed.

# Johannesburg Metropolitaanse Munisipaliteit

## Demografie en sosio-ekonomie

Johannesburg, as Suid-Afrika se grootste stad, word deur nagenoeg vyfmiljoen mense (1 853 371 huishoudings) bewoon.[1]
Die bevolkingsgroei is 'n taamlik gesonde 2,49% en met Suid-Afrika wat snel verstedelik, is dit eintlik nie noemenswaardig hoog nie.
Die bevolking onder 15 jaar het tussen 2011 en 2016 van 23,2% tot 25,7% van die totale bevolking aangegroei en diegene bo 65 het van 4,1% tot 5,4% gestyg, terwyl diegene tussen 15 en 64 van 72,7% tot 68,9% gedaal het.
Terselfdertyd het die getal mense ouer as 20 wat geen skoolonderrig ontvang het nie van 2,9% tot 3,4% gestyg. Mense wat matriek verwerf het, het egter van 34,7% tot 38,5% toegeneem, terwyl daar 'n kommerwekkende tendens onder mense met tersiêre kwalifikasies is: Hulle het van bykans 20% van die bevolking tot onder 15% gedaal.[1]

Altesame 7,2% van die Johannesburgse bevolking se huistaal is Afrikaans, terwyl nagenoeg 20% se huistaal Engels is. Zoeloe is die grootste taal in die metro (23%) en Suid-Sotho is derde, op bykans 10%.[2]
Tussen 2011 en 2016 het die gedeelte van die bevolking wat in formele behuising woon baie effens, van 81,4% tot 81,3%, gedaal. Die metro erken in sy jongste geïntegreerde ontwikkelingsplan (GOP) dat die behuisingsagterstand vir hom 'n reusekopsorg is.[3] Daar kan talle redes hiervoor wees, waarvan die instroming van mense vanuit elders – en dienslewering wat nie daarmee tred hou nie – die waarskynlikste is.
Luidens die stad se jongste GOP staan die werkloosheidskoers 32,3% (volgens die uitgebreide definisie) en jeugwerkloosheid op ongeveer 40%.

## Dienslewering en misdaad

Die stad is redelik goed van dienste voorsien. Volgens die metro se GOP geniet die meeste huishoudings (formeel en informeel) toegang tot kraanwater (98,5%) in of by die huis, sanitasie (95,8%) en elektrisiteit (90%). Die kragsyfer sluit diegene in wat van sonkrag en alternatiewe kragbronne gebruik maak. Die jongste Bloudruppeltelling in 2013–2014 (wat die gehalte van drinkwater meet) was 96,06%, wat op uitnemende watergehalte dui. AfriForum se eie blou-en-groendruppelverslae vir die jare 2014 tot 2017 het getoon dat Randburg (wat sentraal in die Johannesburgse gebied geleë is) se water "skoon" is.[4]
Meer as 95% van huishoudings se vullis word weekliks deur die munisipaliteit verwyder. Die oorblywende huishoudings se vullis word minder gereeld deur die stad verwyder of deur middel van ander maniere, byvoorbeeld 'n gemeenskaplike of eie vullishoop.
Misdaadgegewens wat deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge (SAIRV) vir hierdie verslag saamgestel is en inligting uit die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD), Stats SA, Community Survey 2016 en die General Household Survey 2017 bevat, wys dat dié metro se moordkoers 34,7 per 100 000 mense (altesame 1 537) in die boekjaar 2015–2016 was. Die koers vir inbrake by residensiële eiendomme is 510,8 en vir inbrake by sakepersele 128,1.[5]

## Bestuur

Die ouditeur-generaal se ouditmening vir die boekjaar 2017–2018 vir die Stad Johannesburg was "ongekwalifiseerd met bevindinge".[6] Dit was dieselfde vir die boekjaar 2016–2017. In 2017–2018 is R304,5 miljoen se ongemagtigde besteding en R9,1 miljoen se vrugtelose en verkwiste uitgawes aangegaan. Daarbenewens is R868 miljoen onreëlmatig bestee.

Johannesburg se kontantbalans ("*cash balance*") aan die einde van Junie 2017 was meer as R10,2 miljoen. Hierdie balans verwys na die geld wat die munisipaliteit in die bank het en maklik kan bekom. Sowat 22,5% van die bedryfsbegroting word aan salarisse en lone bestee.[7]

**Johannesburg se telling: 6,5 uit 10**

---

1 Yes Media's Municipalities of South Africa, 2019, "City of Johannesburg Metropolitan Municipality – Demographic Information", https://municipalities.co.za/demographic/2/city-of-johannesburg-metropolitan-municipality.

2 Stats SA, 2019, "Johannesburg – languages", http://www.statssa.gov.za/?page_id=1021&id=city-of-johannesburg-municipality.

3 City of Johannesburg, 2018, "Integrated Development Plan 2018/19 Review", https://www.joburg.org.za/documents_/Documents/Intergrated%20Development%20Plan/FINAL%202018-19%20IDP/Annexure%20A%20%202018-19%20IDP%20Review.pdf.

4 AfriForum, 2017, "Takprojekverslag – blou-en-groendruppelprojek vir 2017", https://www.afriforum.co.za/wp-content/uploads/Druppel-Verslag-afr.pdf.

5 Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge, 2018, e-pos-kommunikasie.

6 Ouditeur-generaal, 2019, "Provincial overviews", https://www.agsa.co.za/Portals/0/Reports/MFMA/2019.06.25/MFMA2017-18%20-%20Section%206%20-%20Provincial%20overviews.pdf.

7 Municipal Money, 2019, "City of Johannesburg", https://municipalmoney.gov.za/profiles/municipality-JHB-city-of-johannesburg/.

# Johannesburg Metro

**5 miljoen** inwoners

**81,4%** van inwoners woon in formele behuising

**Zoeloe** is die grootste taal

**Werkloosheidskoers** van 32,3%

**Meer as 95%** van huishoudings se vullis word weekliks verwyder

**Moordkoers** van 34,7 per 100 000

**OG-ouditmening oor laaste vyf jaar:**
**Ongekwalifiseerd** met bevindinge

# Ekurhuleni Metropolitaanse Munisipaliteit

## Demografie en sosio-ekonomie

Die Stad Ekurhuleni word deur 3,4 miljoen mense (1 299 490 huishoudings) bewoon. Die bevolkingsgroei is taamlik laag op 1,39% per jaar en dit is vreemd vir 'n metro om só 'n lae groeikoers – wat onder die vervangingsvlak huiwer – te handhaaf. Die bevolking onder 15 jaar het tussen 2011 en 2016 van 24,3% tot 22,7% gedaal. Diegene ouer as 65 het van 4% tot 6,1% gestyg en diegene tussen 15 en 64 het met 'n halwe persentasiepunt – van 71,7% tot 71,2% – gedaal.[8]

Diegene ouer as 20 met 'n matrieksertifikaat het tussen 2011 en 2016 van 35,4% tot 38,5% toegeneem, terwyl diegene sonder skoolonderrig van 3,6% tot 4,1% toegeneem het.[9] Mense met tersiêre onderrig het van 14,6% tot 11,9% van die totale bevolking in die ooreenstemmende periode gedaal.

Wat taal betref het Afrikaans en Engels volgens die laaste sensus feitlik presies dieselfde getal sprekers – onderskeidelik 11,8% en 11,9% van die totale bevolking. Zoeloe is die grootste taal op bykans 30%, Noord-Sotho staan op 11,3% en Suid-Sotho op 9,9%.[10]

Meer as 80% van die inwoners het in 2016 in formele behuising gewoon, teenoor 77,4% in 2011.[11]

Volgens die metro se GOP was die werkloosheidskoers in 2015 29,72% (28,8% in 2011).[12] Dit was etlike persentasiepunte hoër as die nasionale en provinsiale gemiddelde. Daar word geen melding van die jeugwerkloosheidskoers gemaak nie, maar die 2011-koers was 'n stewige 37%.[13]

## Dienslewering en misdaad

Sowat 90% van Ekurhuleni se bevolking het toegang tot kraanwater in of by die huis. Die metro voorsien 97% van die inwoners van water.[14] Die gehalte van die drinkwater in die stad is ook van hoogstaande gehalte. Die departement van water en sanitasie het in 2016 'n Bloudruppel-telling van 96,25 aan Ekurhuleni toegeken.[15] Desgelyks het die burgerregte-organisasie AfriForum in sy 2017 blou-en-groendruppelverslag vermeld dat die drinkwater van al sewe van die Ekurhuleni-takke waar die gehalte getoets is, skoon was.[16]

Tussen 2011 en 2016 het die getal huishoudings met 'n spoeltoilet wat aan riooldienste gekoppel is van 85% tot 85,4% toegeneem.

Die getal huishoudings met toegang tot elektrisiteit vir beligting het ook van 82,2% tot 85,4% tussen 2011 en 2016 toegeneem.[17]

Die teenoorgestelde is egter waar vir vullisverwydering. Tussen 2011 en 2016 het die getal huishoudings wat weeklikse vullisverwydering deur die munisipaliteit geniet van 88,4% tot 84,8% afgeneem.[18]

In die boekjaar 2015–2016 is daar 1 055 moorde aangemeld (31,2 per 100 000 mense). Daar is 15 000 inbrake by residensiële eiendomme aangemeld (469,3 per 100 000) en bykans 4 452 inbrake by sakepersele (140,1 per 100 000).[19]

## Bestuur

Die ouditeur-generaal se jongste twee ouditmenings was "ongekwalifiseerd met bevindinge".[20] R4,7 miljoen se vrugtelose en verkwiste uitgawes is aangegaan – en dit is 'n verbetering op die vorige boekjaar se R8,3 miljoen. Onreëlmatige besteding het R275 miljoen beloop en – nes in Tshwane en Johannesburg se geval – het 'n groot gedeelte daarvan uit kontrakte uit vorige boekjare gespruit.

Ekurhuleni het 'n kontantbalans van R5,8 miljoen aan die einde van die boekjaar 2016–2017 gehad.[21] Personeel se salarisse en lone maak 'n raps meer as 20% van die bedryfsbegroting uit.

**Ekurhuleni se telling: 5,5 uit 10**

8 Yes Media's Municipalities of South Africa, 2019, "City of Ekurhuleni Metropolitan Municipality – Demographic Information", https://municipalities.co.za/demographic/4/city-of-ekurhuleni-metropolitan-municipality.

9 Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge, 2018, e-pos-kommunikasie.

10 Stats SA, 2019, "Ekurhuleni – Languages", https://municipalities.co.za/demographic/4/city-of-ekurhuleni-metropolitan-municipality.

11 Yes Media's Municipalities of South Africa, 2019, "City of Ekurhuleni Metropolitan Municipality – Demographic Information", https://municipalities.co.za/demographic/4/city-of-ekurhuleni-metropolitan-municipality.

12 City of Ekurhuleni, 2018, "IDP and Budget 2018/19 – 2020/21", https://municipalities.co.za/demographic/4/city-of-ekurhuleni-metropolitan-municipality.

13 Yes Media's Municipalities of South Africa, 2019, "City of Ekurhuleni Metropolitan Municipality – Demographic Information", https://municipalities.co.za/demographic/4/city-of-ekurhuleni-metropolitan-municipality.

14 City of Ekurhuleni, 2018, "IDP and Budget 2018/19 – 2020/21", http://mfma.treasury.gov.za/Documents/01.%20Integrated%20Development%20Plans/2018-19/01.%20Metros/EKU%20City%20of%20Ekurhuleni/EKU%20City%20of%20Ekurhuleni%20IDP%202018-19.pdf.

15 Bedfordview and Edenvale News, 1 Junie 2016, "Ekurhuleni, a city of clean water", https://bedfordviewedenvalenews.co.za/287869/ekurhuleni-a-city-of-clean-water/.

16 AfriForum, 2017, "Takprojekverslag – blou-en-groendruppelprojek vir 2017", https://www.afriforum.co.za/wp-content/uploads/Druppel-Verslag-afr.pdf.

17 Yes Media's Municipalities of South Africa, 2019, "City of Ekurhuleni Metropolitan Municipality – Demographic Information", https://municipalities.co.za/demographic/4/city-of-ekurhuleni-metropolitan-municipality.

18 Yes Media's Municipalities of South Africa, 2019, "City of Ekurhuleni Metropolitan Municipality – Demographic Information", https://municipalities.co.za/demographic/4/city-of-ekurhuleni-metropolitan-municipality.

19 Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge, 2018, e-pos-kommunikasie.

20 Ouditeur-generaal, 2019, "Provincial overviews", https://www.agsa.co.za/Portals/0/Reports/MFMA/2019.06.25/MFMA2017-18%20-%20Section%206%20-%20Provincial%20overviews.pdf.

21 Municipal Money, 2019, "Ekurhuleni", https://municipalmoney.gov.za/profiles/municipality-EKU-ekurhuleni/.

# Ekurhuleni Metro

**3,4 miljoen** inwoners

**Meer as 80%** van inwoners woon in formele behuising

**Zoeloe, Afrikaans en Engels** is die grootste tale

**Werkloosheidskoers** van 29,72%

**84,8%** van huishoudings se vullis word weekliks verwyder

**Moordkoers** van 31,2 per 100 000

**OG-ouditmening oor laaste twee jaar:**
**Ongekwalifiseerd** met bevindinge

# Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit

## Demografie en sosio-ekonomie

Tshwane se bevolking toon 'n stewige groei teen 2,6% per jaar. Die getal huishoudings het tussen 2011 en 2016 van 911 536 tot 1 136 877 toegeneem en die getal inwoners het in 2016 op 3 275 152 inwoners gestaan.[22] Die getal mense onder die ouderdom van 15 het tussen 2011 en 2016 van 23,2% tot 25,7% gestyg, terwyl diegene tussen 15 en 64 van sowat 72% tot 69% afgeneem het. Diegene ouer as 65 het in hierdie tydperk van 4,9% tot 5,4% van die bevolking toegeneem.

Mense ouer as 20 sonder skoolonderrig het tussen 2011 en 2016 van 4,2% tot 4,5% gestyg, terwyl mense met matriek van 34% tot sowat 38% toegeneem het.[23] Mense met 'n tersiêre kwalifikasie het van 23,4% tot bykans 20% afgeneem. Afrikaans en Noord-Sotho is die twee grootste tale in die metro, met onderskeidelik 18,4% en 19,4% sprekers.[24] Tswanasprekers beslaan sowat 15% van die bevolking. In 2016 het 82,6% van die huishoudings in formele behuising gewoon, teenoor 80,7% in 2011.[25]

Luidens die metro se jongste GOP is die werkloosheidskoers bykans 27% (volgens die eng definisie van werkloosheid), nadat dit sowat 21% in 2013 was.[26] Dit is besig om te styg en heelwat moet gedoen word om hierdie tendens om te keer.

## Dienslewering en misdaad

Altesame 94,4% van huishoudings in die munisipaliteit het toegang tot kraanwater in hul wonings of erwe.[27] Die staat se Bloudruppelverslag is bloot te verouderd om enige nuttige afleidings oor die gehalte van drinkwater te maak. AfriForum het wel die gehalte van drinkwater in 2017 getoets en al 13 van die takke wat hul water regoor die stad getoets het, het bevind dat die water skoon is.[28]

Bykans 92% van die metro se huishoudings het in 2016 krag vir beligting gebruik, en dit het toegeneem vanaf 88,6% in 2011.[29] Sowat 77% van alle huishoudings het toegang tot 'n spoeltoilet wat aan riolering gekoppel is, terwyl bykans 80% van alle huishoudings weeklikse vullisverwydering deur die munisipaliteit geniet.

Die moordkoers was 19,8 per 100 000 (579 sake) in 2015–2016, terwyl hierdie koers vir residensiële inbrake bykans 600 (17 401 sake) en vir inbrake by sakepersele 124 (3 602 sake) was.

## Bestuur

Die ouditeur-generaal se laaste drie ouditmenings oor Tshwane was "ongekwalifiseerd met bevindinge". In 2017–2018 is daar R64,8 miljoen se vrugtelose en verkwiste uitgawes aangegaan – dit was R41,5 miljoen in 2016–2017.[30] Nagenoeg R1,7 miljard se onreëlmatige besteding is aangegaan (R1,8 miljard in 2016–2017) – die hoogste van al die Gautengse munisipaliteite. Sowat 'n derde daarvan kan egter aan die berugte slimmeterkontrak toegeskryf word (wat aan die einde van 2016–2017 gekanselleer is).

Die metro het 'n kontantbalans van sowat R2,2 miljoen aan die einde van die boekjaar 2016–2017 gehad.[31] Bykans 30% van die bedryfsbegroting word aan salarisse en lone bestee.

**Tshwane se telling: 7 uit 10**

---

22 Yes Media's Municipalities of South Africa, 2019, "City of Tshwane Metropolitan Municipality – Demographic Information", https://municipalities.co.za/demographic/3/city-of-tshwane-metropolitan-municipality.

23 Yes Media's Municipalities of South Africa, 2019, "City of Tshwane Metropolitan Municipality – Demographic Information", https://municipalities.co.za/demographic/3/city-of-tshwane-metropolitan-municipality.

24 Stats SA, 2019, "Tshwane – Languages", http://www.statssa.gov.za/?page_id=1021&id=city-of-tshwane-municipality.

25 Yes Media's Municipalities of South Africa, 2019, "City of Tshwane Metropolitan Municipality – Demographic Information", https://municipalities.co.za/demographic/3/city-of-tshwane-metropolitan-municipality.

26 City of Tshwane, 2018, "2018/19 Draft Review of the 2017/21 Integrated Development Plan", http://www.tshwane.gov.za/sites/Council/Ofiice-Of-The-Executive-Mayor/20162017%20IDP/Annexure%20A_Draft%202018-19%20Review%20of%202017-21%20IDP%20Council%20report.pdf.

27 Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge, 2018, e-pos-kommunikasie.

28 AfriForum, 2017, "Takprojekverslag – blou-en-groendruppelprojek vir 2017", https://www.afriforum.co.za/wp-content/uploads/Druppel-Verslag-afr.pdf.

29 Yes Media's Municipalities of South Africa, 2019, "City of Tshwane Metropolitan Municipality – Demographic Information", https://municipalities.co.za/demographic/3/city-of-tshwane-metropolitan-municipality.

30 Ouditeur-generaal, 2019, "Provincial overviews", https://www.agsa.co.za/Portals/0/Reports/MFMA/2019.06.25/MFMA2017-18%20-%20Section%206%20-%20Provincial%20overviews.pdf.

31 Municipal Money, 2019, "City of Tshwane", https://municipalmoney.gov.za/profiles/municipality-TSH-city-of-tshwane/.

## Tshwane Metro

**Meer as 3 miljoen** inwoners

**82,6%** van inwoners woon in formele behuising

**Afrikaans en Noord-Sotho** is die grootste tale

**Werkloosheidskoers** van 27%

**Bykans 80%** van huishoudings se vullis word weekliks verwyder

**Moordkoers** van 19,8 per 100 000

**OG-ouditmening oor laaste twee jaar:**
**Ongekwalifiseerd** met bevindinge

# Mogale City Plaaslike Munisipaliteit

## Demografie en sosio-ekonomie

Altesame 383 864 mense (147 153 huishoudings) het in 2016 in Mogale City gewoon, teenoor 362 422 (117 373 huishoudings) in 2011,[32] dus 'n bevolkingsgroei van 1,31% per jaar. Wat die bevolking onder 15 jaar betref, beslaan dié groep 22,6% van die bevolking. Diegene tussen 15 en 64 verteenwoordig bykans 72% van die bevolking en diegene ouer as 65 maak 5,7% van die bevolking uit. Diegene ouer as 20 met geen skoolonderrig nie het in 2016 ongeveer 3,4% van die bevolking uitgemaak, terwyl hierdie persentasie 4,7% in 2011 was.[33] Diegene met matriek het in dieselfde tydperk met 'n paar persentasiepunte gestyg, tot by 36,7%, terwyl mense met 'n tersiêre kwalifikasie 13,1% van die bevolking verteenwoordig. Afrikaans (16,8%), Tswana (31%) en Zoeloe (11%) is die drie grootste tale in Mogale City.[34]

Bykans 76% van huishoudings in die munisipaliteit het in 2016 in formele behuising gewoon, teenoor 73,5% in 2011.[35]

Wat die arbeidsektor betref, het 81% van diegene tussen 36 en 65 werk en 19% is sonder werk.[36] Wat die jeug (18-35 jaar) betref, is 35% sonder werk.

## Dienslewering en misdaad

Nagenoeg 94% van die huishoudings in Mogale City het toegang tot kraanwater in hul erwe of wonings.[37] Mogale City se drinkwater is histories van goeie gehalte, maar toetse deur AfriForum in 2016 het getoon dat die water in die strome wat deur Krugersdorp vloei nie van goeie gehalte is nie.[38] Daar is kommer uitgespreek oor die vlakke van fekale koliforme- en E. coli- (Escherichia coli-) bakterieë in die water, wat met ontlasting verband hou. AfriForum het egter vermeld dat die drinkwater wat regoor Krugersdorp getoets is wel aan die vereistes voldoen. Dit is slegs die strome en spruite wat 'n probleem is. Sowat 87% van die huishoudings het toegang tot elektrisiteit vir beligting en 81,2% se vullis word weekliks deur die munisipaliteit verwyder. 'n Stygende getal huishoudings (nagenoeg 82%) gebruik 'n spoeltoilet wat aan riolering gekoppel is.[39]

Die moordkoers in 2015–2016 was 36,7 per 100 000 (133 sake is aangemeld).[40] Die koers vir residensiële inbrake was 678,2 (bykans 2 500 aangemelde sake) en 145,4 (527 aangemelde sake) vir inbrake by sakepersele.

## Bestuur

Mogale City se drie laaste ouditmenings was "ongekwalifiseerd met bevindinge".[41] Sowat R171,2 miljoen (R102 miljoen in 2016–2017) se onreëlmatige besteding is in die boekjaar 2017–2018 aangegaan, asook R9,5 miljoen se vrugtelose en verkwiste uitgawes. Daar was egter geen ongemagtigde uitgawes nie.

Die munisipaliteit se kontantbalans aan die einde van 2016–2017 was sowat R44,7 miljoen en nagenoeg 24% van die bedryfsbegroting word aan salarisse en lone bestee.[42]

**Mogale City se telling: 6 uit 10**

32 Yes Media's Municipalities of South Africa, 2019, "Mogale City Local Municipality – Demographic Information", https://municipalities.co.za/demographic/1064/mogale-city-local-municipality.

33 Yes Media's Municipalities of South Africa, 2019, "Mogale City Local Municipality – Demographic Information", https://municipalities.co.za/demographic/1064/mogale-city-local-municipality.

34 Stats SA, 2019, "Mogale City – Languages", http://www.statssa.gov.za/?page_id=993&id=mogale-city-municipality.

35 Yes Media's Municipalities of South Africa, 2019, "Mogale City Local Municipality – Demographic Information", https://municipalities.co.za/demographic/1064/mogale-city-local-municipality.

36 Nasionale Tesourie, 2018, "Mogale City 16/17 Integrated Development Plan", http://mfma.treasury.gov.za/Documents/01.%20Integrated%20Development%20Plans/2016-17/02.%20Local%20Municipalities/GT481%20Mogale%20City/Binder2.pdf.

37 Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge, 2018, e-pos-kommunikasie.

38 Chantelle Fourie, *Krugersdorp News*, 31 Maart 2016, "Stroomwater positief vir E. coli, sê AfriForum", https://krugersdorpnews.co.za/293206/stroomwater-positief-vir-ecoli-se-afriforum/.

39 Yes Media's Municipalities of South Africa, 2019, "Mogale City Local Municipality – Demographic Information", https://municipalities.co.za/demographic/1064/mogale-city-local-municipality.

40 Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge, 2018, e-pos-kommunikasie.

41 Ouditeur-generaal, 2019, "Provincial overviews", https://www.agsa.co.za/Portals/0/Reports/MFMA/2019.06.25/MFMA2017-18%20-%20Section%206%20-%20Provincial%20overviews.pdf.

42 Municipal Money, 2019, "Mogale City", https://municipalmoney.gov.za/profiles/municipality-GT481-mogale-city/.

# Mogale City Plaaslike Munisipaliteit

**383 864** inwoners

**76%** van inwoners woon in formele behuising

**Afrikaans en Tswana** is die grootste tale

**Werkloosheidskoers** van 19% (tussen 36 en 65)

**81,2%** van huishoudings se vullis word weekliks verwyder

**Moordkoers** van 36,7 per 100 000

**OG-ouditmening oor laaste twee jaar:**
**Ongekwalifiseerd** met bevindinge

# Lesedi Plaaslike Munisipaliteit

## Demografie en sosio-ekonomie

Die bevolking van Lesedi het tussen 2011 en 2016 van bykans 100 000 (nagenoeg 30 000 huishoudings) tot 112 472 (39 294 huishoudings) gegroei.[43] Die munisipaliteit se bevolkingsgroeikoers is 'n stewige 2,78% per jaar. Diegene onder 15 jaar maak 25% van die bevolking uit, diegene tussen 15 en 64 jaar 67,6% en diegene ouer as 65 verteenwoordig 6,5%.

Diegene ouer as 20 sonder skoolonderrig het tussen 2011 en 2016 van 7,4% tot 5,4% van die bevolking gedaal.[44] Diegene met matriek het van 28,4% tot sowat 32% gestyg en diegene met tersiêre kwalifikasies het van 11,2% tot 10,6% gedaal.

Zoeloe is verreweg die grootste huistaal met nagenoeg 40% van die bevolking wat dit praat.[45] Daarna volg Suid-Sotho (21,3%) en Afrikaans (18,9%).

Nagenoeg 90% van die inwoners in Lesedi woon in formele behuising nadat hierdie syfer in 2011 op 85,5% gestaan het.[46] Luidens die munisipaliteit se jongste GOP is die amptelike werkloosheidskoers 43,6%.[47] Daar word nie vermeld of dit volgens die eng of breë definisie is nie, maar dit bly hoog volgens enige definisie. Die jeugwerkloosheidskoers word ook nie aangedui nie, maar sal veel hoër as die amptelike koers wees.

## Dienslewering en misdaad

Meer as 90% van die munisipaliteit se huishoudings het toegang tot kraanwater in hul wonings of erwe.[48] AfriForum se blou-en-groendruppelverslag vir 2017 het aangedui dat Lesedi se water tussen 2014 en 2017 skoon was.[49] Dit het dus nog nooit 'n ander mening ontvang nie.

Altesame 92,6% van die huishoudings in die munisipaliteit het in 2016 elektrisiteit vir beligting gebruik – dit was 89,9% in 2011.[50]

'n Dalende 83,6% van die huishoudings gebruik 'n spoeltoilet wat aan riolering gekoppel is. Die munisipaliteit verwyder weekliks 81,6% van die huishoudings se vullis.

Wat die moordkoers betref, is 21,1 per 100 000 mense in 2015–2016 geraak (slegs 21 gevalle is aangemeld).[51] Die koers vir residensiële inbrake was 262,3 (261 sake is aangemeld) en vir rowe by sakepersele 74,4 (74 aangemelde gevalle).

## Bestuur

Lesedi se laaste drie ouditmenings was "ongekwalifiseerd met bevindinge".[52] Sowat R45 miljoen (R37,3 miljoen in 2016–2017) se onreëlmatige uitgawes is in die boekjaar 2017–2018 aangegaan, asook R13,6 miljoen se ongemagtigde uitgawes en R290 000 se vrugtelose en verkwiste uitgawes.

Die munisipaliteit se kontantbalans in Junie 2017 was R11 314 960 en meer as 21% van die bedryfsbegroting word aan salarisse en lone bestee.[53]

**Lesedi se telling: 6 uit 10**

[43] Yes Media's Municipalities of South Africa, 2019, "Lesedi Local Municipality – Demographic Information", https://municipalities.co.za/demographic/1061/lesedi-local-municipality.

[44] Yes Media's Municipalities of South Africa, 2019, "Lesedi Local Municipality – Demographic Information", https://municipalities.co.za/demographic/1061/lesedi-local-municipality.

[45] Stats SA, 2019, "Lesedi – Languages", http://www.statssa.gov.za/?page_id=993&id=lesedi-municipality.

[46] Yes Media's Municipalities of South Africa, 2019, "Lesedi Local Municipality – Demographic Information", https://municipalities.co.za/demographic/1061/lesedi-local-municipality.

[47] Lesedi Plaaslike Munisipaliteit, 2018, "Integrated Development Plan 2018/19", http://www.lesedilm.gov.za/files/IDP%202018%2019%20Final.pdf.

[48] Lesedi Plaaslike Munisipaliteit, 2018, "Integrated Development Plan 2018/19", http://www.lesedilm.gov.za/files/IDP%202018%2019%20Final.pdf.

[49] AfriForum, 2017, "Takprojekverslag – blou-en-groendruppelprojek vir 2017", https://www.afriforum.co.za/wp-content/uploads/Druppel-Verslag-afr.pdf.

[50] Yes Media's Municipalities of South Africa, 2019, "Lesedi Local Municipality – Demographic Information", https://municipalities.co.za/demographic/1061/lesedi-local-municipality.

[51] Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge, 2018, e-pos-kommunikasie.

[52] Ouditeur-generaal, 2019, "Provincial overviews", https://www.agsa.co.za/Portals/0/Reports/MFMA/2019.06.25/MFMA2017-18%20-%20Section%206%20-%20Provincial%20overviews.pdf.

[53] Municipal Money, 2019, "Lesedi", https://municipalmoney.gov.za/profiles/municipality-GT423-lesedi/.

# Lesedi Plaaslike Munisipaliteit

**112 472** inwoners

**90%** van inwoners woon in formele behuising

**Zoeloe** is die grootste taal

**Werkloosheidskoers** van 43,6%

**81,6%** van huishoudings se vullis word weekliks verwyder

**Moordkoers** van 21,1 per 100 000

**OG-ouditmening oor drie laaste jaar:**
**Ongekwalifiseerd** met bevindinge

# Merafong City Plaaslike Munisipaliteit

## Demografie en sosio-ekonomie

Merafong se bevolking is besig om te krimp en het tussen 2011 en 2016 van 197 520 tot 188 843 gedaal (’n groeikoers van -1,02% per jaar).[54] Die getal huishoudings het wel van 66 624 tot 79 834 gestyg. Diegene onder 15 jaar maak 23,3% van die bevolking uit, mense tussen 15 en 64 verteenwoordig 72,2% en diegene oor 65 beslaan 4,5% van die bevolking.

Mense ouer as 20 jaar sonder skoolonderrig het tussen 2011 en 2016 van 6,5% tot 4,1% geval.[55] Diegene met matriek het van 26,3% tot 29,4% geklim en diegene ouer as 20 met ’n tersiêre kwalifikasie maak 9% van die bevolking uit.

Tswana en Xhosa is die twee grootste tale in die munisipaliteit met 20,4% en 23,7% sprekers. Sotho is die derde grootste, met 18,4% en Afrikaans is vierde met 12,2%.[56]

Altesame 81,3% van huishoudings in Merafong het in 2016 in formele behuising gewoon en hierdie syfer was 74,4% in 2011.[57]

Luidens die munisipaliteit se jongste GOP is die algehele werkloosheidskoers 20%.[58] Ander syfers dui daarop dat dit in 2011 sowat 27% was. Die munisipaliteit vermeld dat die betreklik lae werkloosheidskoers verband hou met mynbou-aktiwiteite en die uitvloei van werkloses uit die munisipaliteit.

## Dienslewering en misdaad

’n Betreklik lae persentasie (62,1%) van huishoudings in die munisipaliteit het toegang tot kraanwater in hul woning, maar dit is wel ’n stygende persentasie en stewige vordering oor die afgelope paar jaar.[59] Ander syfers dui daarop dat 97% van die huishoudings toegang tot kraanwater het[60] en dit sluit waarskynlik huishoudings met kraanwater in hul erwe ook in. Dit is onseker wat die gehalte van die drinkwater in die munisipaliteit behels, omdat die staat dit lanklaas getoets het en AfriForum ook nie onlangse uitslae het nie.

’n Raps meer as 75% van alle huishoudings geniet weeklikse vullisverwydering deur die munisipaliteit.[61] ’n Stewige 86,7% van huishoudings gebruik elektrisiteit vir beligting en 85,8% maak gebruik van ’n spoeltoilet wat aan riolering gekoppel is. Hierdie syfers toon ook verbetering deur die jare.

In 2015–2016 is daar 93 moorde in die munisipaliteit aangemeld en die moordkoers was 19,8 per 100 000.[62] Daar is 1 309 inbrake by residensiële eiendomme, asook 267 inbrake by sakepersele aangemeld vir onderskeidelike koerse van 662,7 en 135,2 per 100 000.

## Bestuur

Merafong City se twee laaste ouditmenings was “ongekwalifiseerd met bevindinge”.[63] In die boekjaar 2017–2018 was die munisipaliteit se onreëlmatige besteding R22,5 miljoen en dit het verbetering teenoor vorige boekjare begin toon. Die ongemagtigde uitgawes het egter versleg en op R35,5 miljoen gestaan. Vrugtelose en verkwiste uitgawes – op R24,7 miljoen – het ook verswak, vergeleke met die vorige boekjaar, toe dit R16,4 miljoen was.

Die kontantbalans van die Merafong-munisipaliteit was sowat R206 500 000 aan die einde van 2016–2017 en nagenoeg 21% van die bedryfsbegroting is aan lone en salarisse bestee.[64]

**Merafong se telling: 4 uit 10**

54 Yes Media’s Municipalities of South Africa, 2018, “Merafong City – Demographic information”, https://municipalities.co.za/demographic/1063/merafong-city-local-municipality.

55 Yes Media’s Municipalities of South Africa, 2018, “Merafong City – Demographic information”, https://municipalities.co.za/demographic/1063/merafong-city-local-municipality.

56 Stats SA, 2019, “Merafong City – Languages”, http://www.statssa.gov.za/?page_id=993&id=merafong-city-municipality.

57 Yes Media’s Municipalities of South Africa, 2018, “Merafong City – Demographic information”, https://municipalities.co.za/demographic/1063/merafong-city-local-municipality.

58 Merafong City Plaaslike Munisipaliteit, 2018, “Merafong City IDP 2018/2019”, http://www.merafong.gov.za/datafiles/pdf/IDP/F2019/Final%20IDP%20Document%202018-2019%20May.pdf.

59 Yes Media’s Municipalities of South Africa, 2018, “Merafong City – Demographic information”, https://municipalities.co.za/demographic/1063/merafong-city-local-municipality.

60 Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge, 2018, e-pos-kommunikasie.

61 Yes Media’s Municipalities of South Africa, 2018, “Merafong City – Demographic information”, https://municipalities.co.za/demographic/1063/merafong-city-local-municipality.

62 Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge, 2018, e-pos-kommunikasie.

63 Ouditeur-generaal, 2019, “Provincial overviews”, https://www.agsa.co.za/Portals/0/Reports/MFMA/2019.06.25/MFMA2017-18%20-%20Section%206%20-%20Provincial%20overviews.pdf.

64 Municipal Money, 2019, “Merafong City”, https://municipalmoney.gov.za/profiles/municipality-GT484-merafong-city/.

## Merafong City Plaaslike Munisipaliteit

**188 843** inwoners

**81,3%** van inwoners woon in formele behuising

**Tswana en Xhosa** is die grootste tale

**Werkloosheidskoers** van 20%

**75%** van huishoudings se vullis word weekliks verwyder

**Moordkoers** van 19,8 per 100 000

**OG-ouditmening oor laaste twee jaar:**
**Ongekwalifiseerd** met bevindinge

# Midvaal Plaaslike Munisipaliteit

## Demografie en sosio-ekonomie

Die getal mense het van 95 301 tot 111 612 tussen 2011 en 2016 toegeneem, terwyl die getal huishoudings van ruweg 30 000 tot 38 000 gestyg het (groeikoers van 3,59%).[65] Diegene onder die ouderdom van 15 het deur die jare konstant op ongeveer 23% van die bevolking gebly, terwyl diegene tussen die ouderdom van 15 en 64 rondom 69% van die bevolking uitmaak. Mense oor 65 verteenwoordig 8,1% van die bevolking.

Diegene ouer as 20 sonder enige skoolonderrig het van 5,2% in 2011 tot 4% in 2016 gedaal, terwyl diegene met matriek van 32,1% tot 39,6% toegeneem het.[66]

Mense met tersiêre kwalifikasies staan op 14,1% van die bevolking. Afrikaans en Suid-Sotho is die twee grootste tale in dié munisipaliteit, met onderskeidelik 30,2% en 27,3% van die sprekers.[67] Engels is die derde grootste (13,7%) en Zoeloe is vierde, met 11,5%.

Bykans 83% van die huishoudings het in 2016 in formele wonings gebly; 'n stygende persentasie.[68]

Die 2011-werkloosheidskoers was, volgens die breë definisie, slegs 18,8%.[69] Daar is nie meer onlangse syfers beskikbaar nie.

## Dienslewering en misdaad

Die getal huishoudings met toegang tot kraanwater in hul wonings het van bykans 65% tot 62% tussen 2011 en 2016 geval.[70] Die laaste mening deur AfriForum oor die gehalte van die drinkwater was dat dit skoon is.[71]

Die getal huishoudings met weeklikse vullisverwydering het van 82,1% tot 82,9% tussen 2011 en 2016 toegeneem.[72] Bykans 82% (79,3% in 2011) van die inwoners gebruik elektrisiteit vir beligting en 62,6% (58% in 2011) het toegang tot 'n spoeltoilet wat aan riolering gekoppel is.

In die boekjaar 2015–2016 is daar 83 moordsake aangemeld vir 'n moordkoers van 87,1 per 100 000.[73] Daar is 1 035 residensiële rowe (1 086 per 100 000) en 279 sake van inbrake by sakepersele (292,8 per 100 000) aangemeld.

## Bestuur

Midvaal handhaaf al vir die laaste drie jaar 'n skoon oudit.[74] Daar is wel onreëlmatige uitgawes van R260 000 in die jongste boekjaar aangegaan, sowel as R4,4 miljoen se ongemagtigde uitgawes. Albei kategorieë het boonop verswakking getoon. Daar was egter geen vrugtelose en verkwiste uitgawes nie.

Die munisipaliteit se kontantbalans was R130 miljoen aan die einde van die boekjaar 2016–2017 en sowat 23% van die bedryfsbegroting word aan salarisse en lone bestee.[75]

**Midvaal se telling: 7,5 uit 10**

[65] Yes Media's Municipalities of South Africa, 2018, "Midvaal Local Municipality – Demographic information", https://municipalities.co.za/demographic/1062/midvaal-local-municipality.

[66] Yes Media's Municipalities of South Africa, 2018, "Midvaal Local Municipality – Demographic information", https://municipalities.co.za/demographic/1062/midvaal-local-municipality.

[67] Stats SA, 2019, "Midvaal – Languages", http://www.statssa.gov.za/?page_id=993&id=midvaal-municipality.

[68] Yes Media's Municipalities of South Africa, 2018, "Midvaal Local Municipality – Demographic information", https://municipalities.co.za/demographic/1062/midvaal-local-municipality.

[69] Midvaal Plaaslike Munisipaliteit, 2018, "Midvaal Integrated Development Plan 2018/2019 Review", http://www.midvaal.gov.za/images/Annual%20Reports/Final%20IDP%20 2018-2019%20approved%20by%20council%20on%20the%2031%20May%202018.pdf.

[70] Yes Media's Municipalities of South Africa, 2018, "Midvaal Local Municipality – Demographic information", https://municipalities.co.za/demographic/1062/midvaal-local-municipality.

[71] AfriForum, 2017, "Takprojekverslag – blou-en-groendruppelprojek vir 2017", https://www.afriforum.co.za/wp-content/uploads/Druppel-Verslag-afr.pdf.

[72] Yes Media's Municipalities of South Africa, 2018, "Midvaal Local Municipality – Demographic information", https://municipalities.co.za/demographic/1062/midvaal-local-municipality.

[73] Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge, 2018, e-pos-kommunikasie.

[74] Ouditeur-generaal, 2019, "Provincial overviews", https://www.agsa.co.za/Portals/0/Reports/MFMA/2019.06.25/MFMA2017-18%20-%20Section%206%20-%20 Provincial%20overviews.pdf.

[75] Municipal Money, 2019, "Midvaal", https://municipalmoney.gov.za/profiles/municipality-GT422-midvaal/.

# Midvaal Plaaslike Munisipaliteit

**111 612** inwoners

**83%** van inwoners woon in formele behuising

**Afrikaans en Suid-Sotho** is die grootste tale

**Werkloosheidskoers** van 18,8%

**82,9%** van huishoudings se vullis word weekliks verwyder

**Moordkoers** van 87,1 per 100 000

**OG-ouditmening oor laaste drie jaar:**
**Skoon oudit**

# Emfuleni Plaaslike Munisipaliteit

## Demografie en sosio-ekonomie

Die bevolking het tussen 2011 en 2016 vanaf 721 663 tot 733 445 aangegroei en die getal huishoudings vanaf 220 000 tot 253 500.[76] Die bevolkingsgroei is dus 'n karige 0,37% per jaar.
Diegene onder 15 het deur die jare min of meer konstant op 25,7% van die bevolking gebly, terwyl diegene tussen 15 en 64 nou op 68,2% (teenoor 69,5% in 2011) staan. Mense ouer as 65 maak 6% van die bevolking uit en groei gaandeweg.
Mense ouer as 20 met geen skoolonderrig nie bly ook konstant op ongeveer 4%, terwyl diegene met matriek van 32% tot 36% toegeneem het.[77] Mense met hoëronderrigkwalifikasies het van 12,9% in 2011 tot sowat 12% in 2016 afgeneem.
Suid-Sotho (52%), Zoeloe (13%) en Afrikaans (12,4%) is die dominante tale in die munisipaliteit.[78]
Altesame 87% van huishoudings in die munisipaliteit woon in 'n formele huis teenoor 85% in 2011.[79] Die jongste GOP maak melding van 'n 45%-jeugwerkloosheidskoers, maar daar word nie melding van 'n amptelike werkloosheidskoers gemaak nie.[80] Die laaste bekende syfer was 34,7% in 2011.

## Dienslewering en misdaad

Die getal huishoudings met toegang tot kraanwater in hul wonings het van nagenoeg 70% tot 73,3% tussen 2011 en 2016 toegeneem.[81]
AfriForum se laaste paar verslae oor die drinkwater in Emfuleni (Vanderbijlpark en Vereeniging) het dit as "skoon" geklassifiseer.[82]
Weeklikse vullisverwydering het tussen 2011 en 2016 effens – van 74,9% tot 75,2% – verbeter, terwyl die gebruik van elektrisiteit vir beligting deur die jare verbeter het tot by bykans 87% van alle huishoudings.[83] Ongeveer 86% van alle huishoudings het toegang tot riolering wat aan 'n spoeltoilet verbind is en dit het vanaf 81% in 2011 toegeneem.
In die boekjaar 2015–2016 is daar 213 moorde aangemeld vir 'n moordkoers van 29,5 per 100 000.[84] Daarbenewens is 3 059 sake van huisroof (423,9 per 100 000) en 1 055 sake van inbrake by sakepersele (146,2 per 100 000) ook aangemeld.

## Bestuur

Emfuleni se ouditmening het tussen die boekjare 2016–2017 en 2017–2018 van "ongekwalifiseerd met bevindinge" verander na een wat nie op datum voltooi is nie.[85] Daarom is geen ander inligting oor die jongste oudit beskikbaar nie. Dit is 'n verdoemende aanklag teen die munisipaliteit – die enigste een in Gauteng om 'n ouditbevinding van hierdie aard te ontvang.
Die munisipaliteit se kontantbalans vir 2016–2017 was negatief: bykans -R20,8 miljoen. Bykans 18% van die bedryfsbegroting is aan salarisse en lone bestee.[86]

**Emfuleni se telling: 5,5 uit 10**

---

76 Yes Media's Municipalities of South Africa, 2018, "Emfuleni Local Municipality – Demographic information", https://municipalities.co.za/demographic/1060/emfuleni-local-municipality.

77 Yes Media's Municipalities of South Africa, 2018, "Emfuleni Local Municipality – Demographic information", https://municipalities.co.za/demographic/1060/emfuleni-local-municipality.

78 Stats SA, 2019, "Emfuleni – Languages", http://www.statssa.gov.za/?page_id=993&id=emfuleni-municipality.

79 Yes Media's Municipalities of South Africa, 2018, "Emfuleni Local Municipality – Demographic information", https://municipalities.co.za/demographic/1060/emfuleni-local-municipality.

80 Emfuleni Plaaslike Munisipaliteit, 2018-2019, "Final Integrated Development Plan (IDP) 2018/19", http://www.emfuleni.gov.za/images/docs/idp/201819/idp_201819.pdf.

81 Yes Media's Municipalities of South Africa, 2018, "Emfuleni Local Municipality – Demographic information", https://municipalities.co.za/demographic/1060/emfuleni-local-municipality.

82 AfriForum, 2017, "Takprojekverslag – blou-en-groendruppelprojek vir 2017", https://www.afriforum.co.za/wp-content/uploads/Druppel-Verslag-afr.pdf.

83 Yes Media's Municipalities of South Africa, 2018, "Emfuleni Local Municipality – Demographic information", https://municipalities.co.za/demographic/1060/emfuleni-local-municipality.

84 Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge, 2018, e-pos-kommunikasie.

85 Ouditeur-generaal, 2019, "Provincial overviews", https://www.agsa.co.za/Portals/0/Reports/MFMA/2019.06.25/MFMA2017-18%20-%20Section%206%20-%20Provincial%20overviews.pdf.

86 Municipal Money, 2019, "Emfuleni", https://municipalmoney.gov.za/profiles/municipality-GT421-emfuleni/.

## Emfuleni Plaaslike Munisipaliteit

**733 445** inwoners

**87%** van inwoners woon in formele behuising

**Afrikaans, Suid-Sotho en Zoeloe** is die grootste tale

**Werkloosheidskoers** van 34,7%

**75,2%** van huishoudings se vullis word weekliks verwyder

**Moordkoers** van 28,5 per 100 000

**Laaste OG-ouditmening:**
**Nie voltooi nie**

# Rand West City Plaaslike Munisipaliteit

## Demografie en sosio-ekonomie

Omdat hierdie 'n munisipaliteit is wat eers in 2016 tot stand gekom het, het die munisipaliteit nie baie historiese inligting nie en daar moet op meer onlangse data gesteun word. Die bevolking het in 2016 op sowat 266 000 mense gestaan en die getal huishoudings was 103 584.[87] Inwoners onder 15 jaar maak 23,7% van die bevolking uit, terwyl diegene tussen 15 en 64 nagenoeg 72% en diegene bo 65 bykans 5% uitmaak.

Inwoners ouer as 20 sonder skoling verteenwoordig sowat 4% van die bevolking. Mense met matriek maak 35,4% uit en mense met tersiêre kwalifikasies 6,5%.[88]

Daar is nie nuwe taalinligting vir die munisipaliteit beskikbaar nie, maar sekere afleidings kan uit die munisipaliteit se twee voorgangers se syfers gemaak word. In Randfontein is Tswana die grootste taal (33,6%) en Afrikaans die tweede grootste taal (28,3%).[89] In Westonaria is Xhosa, Suid-Sotho en Tswana die drie dominante tale.

Bykans driekwart van die munisipaliteit se huishoudings woon in formele behuising.[90] Die munisipaliteit se werkloosheidskoers word op nagenoeg 38% geraam.[91]

## Dienslewering en misdaad

AfriForum se laaste toetse (2017) ten opsigte van die gehalte van die drinkwater het getoon dat Randfontein en Westonaria se water skoon is.[92] Westonaria s'n word vir jare al as skoon geklassifiseer. 'n Redelike lae persentasie (55,4%) van huishoudings het toegang tot kraanwater in hul woning.[93] Volgens die munisipaliteit se jongste GOP het hierdie syfer toegeneem, terwyl die aantal huishoudings met kraanwater in hul erwe afneem.[94] Huishoudings sonder kraanwater het ook effens toegeneem en die munisipaliteit erken self dit is omdat die lewering van dienste nie met die invloei van nuwe inwoners kan tred hou nie.

Bykans 80% van die huishoudings geniet weeklikse vullisverwydering deur die munisipaliteit en meer as driekwart gebruik elektrisiteit vir beligting.[95] Om en by 73,5% van die huishoudings het riolering wat aan 'n spoeltoilet gekoppel is.

In 2015–2016 is daar 53 moordgevalle in Randfontein aangemeld teen 'n koers van 35,5 per 100 000.[96] In Westonaria was dit 75 vir 'n koers van 67,1. Altesame 901 huisinbrake (603 per 100 000) is in Randfontein aangemeld en 194 sakeroofgevalle (130 per 100 000). In Westonaria was hierdie syfers onderskeidelik 630 (564 per 100 000) en 190 (170 per 100 000).

## Bestuur

Rand West se twee ouditmenings was albei "ongekwalifiseerd met bevindinge". In die boekjaar 2017–2018 het die onreëlmatige besteding nagenoeg R150 miljoen beloop, en vrugtelose en verkwiste uitgawes R11,5 miljoen. Albei soorte wanbesteding was aan die verbeter. Ongemagtigde uitgawes van bykans R325 miljoen is egter aangegaan en hierdie item het teenoor die vorige boekjaar begin versleg.[97]

Die munisipaliteit het 'n kontantbalans van sowat R128 000 000 aan die einde van Junie 2017 gehad en 27,2% van die bedryfsbegroting is aan lone en salarisse bestee.[98]

**Rand West se telling: 5 uit 10**

[87] Yes Media's Municipalities of South Africa, 2018, "Rand West Local Municipality – Demographic information", https://municipalities.co.za/demographic/1236/rand-west-city-local-municipality.

[88] Yes Media's Municipalities of South Africa, 2018, "Rand West Local Municipality – Demographic information", https://municipalities.co.za/demographic/1236/rand-west-city-local-municipality.

[89] Stats SA, 2019, "Randfontein – Languages", http://www.statssa.gov.za/?page_id=993&id=randfontein-municipality.

[90] Yes Media's Municipalities of South Africa, 2018, "Rand West Local Municipality – Demographic information", https://municipalities.co.za/demographic/1236/rand-west-city-local-municipality.

[91] West Rand District Municipality, 2019, "Integrated Development Plan 2016/17 to 2020/21 as revised in 2018/19", http://www.wrdm.gov.za/wrdm/wp-content/uploads/2018/04/Draft-IDP-2018.19-v3-.pdf.

[92] AfriForum, 2017, "Takprojekverslag – blou-en-groendruppelprojek vir 2017", https://www.afriforum.co.za/wp-content/uploads/Druppel-Verslag-afr.pdf.

[93] Yes Media's Municipalities of South Africa, 2018, "Rand West Local Municipality – Demographic information", https://municipalities.co.za/demographic/1236/rand-west-city-local-municipality.

[94] Rand West Plaaslike Munisipaliteit, 2019, "Final Integrated Development Plan 2018/19 Second Review", http://www.randwestcity.gov.za/docs/key-docs/2018%2019%20RWCLM%20IDP%20FINAL%20(003).pdf.

[95] Yes Media's Municipalities of South Africa, 2018, "Rand West Local Municipality – Demographic information", https://municipalities.co.za/demographic/1236/rand-west-city-local-municipality.

[96] Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge, 2018, e-pos-kommunikasie.

[97] Ouditeur-generaal, 2019, "Provincial overviews", https://www.agsa.co.za/Portals/0/Reports/MFMA/2019.06.25/MFMA2017-18%20-%20Section%206%20-%20Provincial%20overviews.pdf.

[98] Municipal Money, 2019, "Rand West City", https://municipalmoney.gov.za/profiles/municipality-GT485-rand-west-city/.

## Rand West City Plaaslike Munisipaliteit

**266 000** inwoners

**75%** van inwoners woon in formele behuising

**Tswana en Afrikaans** is die grootste tale

**Werkloosheidskoers** van 38%

**80%** van huishoudings se vullis word weekliks verwyder

**Moordkoers** van 35,5 per 100 000

**OG-ouditmening:**
**Ongekwalifiseerd** met bevindinge